Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 2: Noach (נח) – Noag

Hierdie is die geskiedenis van Noag. Noag was in sy tyd 'n onskuldige, opregte man met integriteit. God was tevrede met Noag. Gen. 6:9 – PWL[1]

Torah: Genesis 6:9 tot 11:32.

Haftorah: Jes. 54:1 tot 55:5.

Nuwe Verbond: Matt. 24:36 tot 39; Hebr. 11:7; 1 Pet. 3:18 tot 22; 2 Pet. 2:5; Open. 14:8; 16:19; 17:1 tot 17; 18:1 tot 24.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 2 wat afgelaai kan word by: Parashah2Notas14, Parashah2Notas15 en by Parashah2Notas.16.

There is meaning in every journey that is unknown to the traveller – Dietrich Bonhoeffer.

Action springs not from thought, but from a readiness for responsibility – Dietrich Bonhoeffer

The smallest good deed is better than the grandest intention – Kalman Packouz.

Why would we want fame, when God promises us glory? Why would we be seeking the wealth of the world when the wealth of heaven is ours? Why would we run for a crown that will perish with time, when we're called to win a crown that is imperishable? – Paul Washer.

[1]Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

Midrash (Torah Bespreking)

Hersiening

In ‘n neutedop kan verlede week se Torahskriflesing soos volg saamgevat word: Genesis (*B’reisheet*) begin met die tuin van Eden waar die mens aanvanklik, tot en met die sondeval, in ‘n volmaakte verhouding met sy Skepper-God gelewe het. Die boek van Openbaring eindig met ‘n herstelde tuin van Eden waar die mens weer in ‘n volmaakte verhouding met YHVH sal lewe. Genesis begin met YHVH se Koninkryk en Openbaring eindig met YHVH se Koninkryk.

Alles wat tussen Genesis (na die sondeval) en die einde van Openbaring gebeur, is deel van YHVH se plan van herstel van Sy skepping en van die herstel van die verhouding tussen YHVH en die mens soos dit voor die sondeval was. Alles tussen Genesis hoofstukke 1 en 2 en Openbaring hoofstukke 19 tot 22 moet as YHVH se plan van herstel gesien word. Sommige dele van hierdie plan is ‘tydelik’ of ‘tussentydse maatreëls’ totdat die volmaakte weer sal kom wanneer alles herstel is soos dit aan die begin was – wanneer YHVH-God alles sal sien wat Hy herstel het en sal sê: ‘Dit is uitermate goed’!

Dit is belangrik om voortdurend hierdie “prentjie” in gedagte te hou soos ons met ons verdere studie van die eerste vyf boeke van Moses voortgaan, asook hoe dit heenwys na Yeshua en YHVH se plan van herstel!

Genade En Geregtigheid (Onpartydige Opregtheid).

Verlede week het ons gesien dat die mens aanvanklik geklee was in ‘n kleed van YHVH se geregtigheid en kon daarom direk met YHVH kommunikeer, want die geestelike realm het oor die fisiese realm geheers. Terwyl Adam en Eva van die Boom van Lewe geëet het, het die mens geweet wat die volmaakte wil, naamlik die Torah van hulle Skepper-God is, en het hulle daarvolgens gelewe.

YHVH is Gees en Adam en Eva was gevul met die Afgesonderde Gees! Volgens die Torah van die Gees van lewe in YHVH was hulle vry van sonde en die dood – vry van beide die geestelike dood en die fisiese dood!

Maar die mens maak dit wat volmaak was, ongedaan deur sonde en toe was hulle naak, naamlik van hulle geestelike kleed van geregtigheid gestroop en die fisiese realm het toe oor die geestelike realm geheers (Gen. 3:1 tot 7). Die volheid van YHVH se Gees wat in hulle gewoon het, het hulle verlaat! Die geestelike en fisiese dood het ‘n werklikheid geword.

Adam en Eva het deur van die vrug van die boom van kennis van goed en kwaad te eet, hulle reg tot die tuin van Eden verbeur (Gen. 3:23 en 24) en was toe grootliks op hulself aangewese om te onderskei tussen wat reg en verkeerd is, wat rein en onrein is en wat afgesonder en nie-afgesonder is!

Die gevolg was dat die boosheid van die mensdom met verloop van tyd uiteindelik tot so ‘n mate toegneem het dat YHVH moes ingryp!

5 יהוה *het gesien dat die boosheid van die mens groot was op die aarde en dat elke vorming van ’n gedagte in sy gedagtes en wil, altyddeur boos was* **6** *en* יהוה *was spyt dat Hy die mens op die aarde gemaak het en daar was pyn in Sy binneste.* **7** יהוה *sê: “Ek sal die mens wat Ek geskep het van die aarde af vernietig, die mens sowel as die diere, die reptiele en die voëls van die hemel; Ek is spyt dat Ek hulle gemaak het.”* Gen. 6:5 tot 8.

YHVH moes ‘n nuwe begin maak en het die mens wat Hy geskep het van die aarde af vernietig, die mens sowel as die diere, die reptiele en die voëls van die hemel.

Maar daar was ‘n man, Noag, wat guns (genade) in die oë van YHVH gevind het – ‘n man wat onskuldig en opreg (geregverdig) was. Dit word duidelik indien ons die laaste vers van parashah *B’reisheet*, naamlik Gen. 6:8, saam met die eerste vers van hierdie week se Torahskriflesing lees.

8*Noag het egter* ***guns*** *gevind in die oë van* יהוה. **9***Hierdie is die geskiedenis van Noag. Noag was in sy tyd ’n* ***onskuldige, opregte man met integriteit****. God was tevrede met Noag.*

Vir die eerste keer lees ons nou van YHVH se *guns*, en van ‘n *regverdige* en *opregte* mens. Daarom is dit belangrik om die betekenis van hierdie begrippe te verstaan, want ons gaan hierdie terminologie regdeur die woord van YHVH, vanaf Genesis tot Openbaring, vind! Dit is deel van YHVH se plan van die herstel van alles tot soos dit was voor die sondeval!

Guns (*Genade*) (Hebreeus: *chen* vanaf die grondwoord *chanan*) beteken *onverdiende guns* en dit is *om met welwillendheid vooroor na ‘n ondergeskikte te buig en guns te verleen* (*te bied*). YHVH het dus ‘afgebuk’ na Noag om guns (genade) aan hom en sy huisgesin te verleen!

Onskuldige (Regverdige) (Hebreeus: *tzaddik*) beteken om onskuldig in die oë van YHVH te wees en om dus in die regte verhouding met God te leef. Dit is om geregverdig (Hebreeus: *tzedakah*) te wees. Gen. 7:1 stel dit soos volg:

יהוה *het vir Noag gesê: “Kom in die ark in, jy en jou hele huisgesin, want Ek het gesien dat jy, in hierdie geslag, alleen onskuldig en opreg is voor My.*

Opreg (Hebreeus: *tamim*) beteken volmaak, met integriteit en vlekkeloos. In Matt. 5:48 sê Yeshua dat ons volmaak (geestelik volwasse, vlekkeloos; iemand met integriteit) moet wees.

YHVH was tevrede met Noag, want hy het saam met YHVH gewandel (Hebreeus: *halak / halach*) en beteken ‘n handeling wat van Noag se kant gekom het, naamlik gehoorsaamheid aan YHVH se Torah, omdat Noag in YHVH vertrou het. Noag het dus gekies om deur vertroue saam met YHVH te wandel – dit ten spyte van, en te midde van die boosheid van die samelewing (Gen. 6:11 en 12).

Noag is op grond van genade regverdig verklaar en het as geregverdigde volgens YHVH se onderrig (Torah) geleef! So ook was Abraham deur vertroue in YHVH geregverdig verklaar – vertroue wat deur sy dade van gehoorsaamheid bevestig was.

21 *Is Avraham, ons vader, nie vanuit sy dade onskuldig verklaar toe hy Yitz’gak, sy seun, op die altaar gesit het nie?* **22** *Sien jy dat sy vertroue sy dade bevestig het en dat sy vertroue volmaak geword het deur dade?* **23** *Die Skrif is vervul wat sê: “Avraham het God vertrou en dit is hom tot onpartydige opregtheid gereken en hy is ’n vriend van God genoem.”* **24** *Sien julle dat die mens onskuldig verklaar word deur dade en nie alleen deur die ‘geloof ’ nie?*
Jak. 2:21 tot 24.

Opsommend: Volgens Gen. 6:8 en 9, asook talle ander voorbeelde, soos Abraham en ander, leer ons dus dat genade en geregtigheid net so deel van die ou verbond was as wat dit deel van die nuwe verbond is! Van die begin af behels YHVH se onpartydige opregtheid (geregtigheid) vertroue en getrouheid (gehoorsaamheid), naamlik vertroue wat met gepaste handelinge volgens YHVH se vereistes, naamlik Sy Torah, gepaardgaan.

Maar YHVH se genade en geregtigheid van die nuwe verbond verskil wel van dié van die ou verbond! Daarom moet ons YHVH se geregtigheid (onpartydige opregtheid) van die nuwe verbond ken!!

YHVH se Geregtigheid Volgens Die Nuwe Verbond

Paulus skryf in sy brief aan die Korinthiërs:

.....daarom vra ons julle, namens Die Gesalfde Een: laat julle verhouding met God herstel, **21***want Hy wat geen sonde geken het nie, het Homself in jou plek 'n sondoffer gemaak sodat ons deur Hom, die onpartydige opregtheid van God kan word.* 2 Kor. 5:20 en 21.

Wanneer jy en ek met ons hart glo en met ons mond bely dat Yeshua die eenmalige sondoffer is (Rom. 10:9 en 10), word ons die geregtigheid van YHVH in Yeshua Messias. Ons vertroue en belydenis wis ons sondeskuld onmiddelik uit en ons staan as regverdig (as 'n geregverdigde) voor YHVH. Ons is vrygespreek van alle aanklagte en die vonnis, naamlik die loon van die sonde wat die dood is (Rom. 6:23), is opgehef. Ons is 'n nuwe mens, want ons is wedergebore en ons is die geregtigheid (onpartydige opregtheid[2]) van God in Yeshua!

Alles wat daarom in eenheid met Die Gesalfde Een is, is 'n nuwe skepping, die ou orde het daarmee verbygegaan. 2 Kor. 5:17.

Ons ou lewe van ongehoorsaamheid (sonde) is op daardie oomblik uitgewis en alles het nuut geword. Dit beteken ons gemoed moet vernuwe word om te dink, te praat en te doen soos YHVH ons Vader. Ons is egter `n geestelike baba en moet nou "opgevoed" word om te weet wat die goeie, welgevallige en volmaakte wil van ons Vader is (Rom. 12:2), naamlik hoe om voortaan te lewe as 'n geregverdigde. Ons moet geleer word wat YHVH se geregtigheid alles behels sodat ons kan lewe soos iemand wat onder die nuwe verbond vrygespreek is en dus in Yeshua vir die sonde dood is.

Net so moet julle ook julleself beskou as dood vir die sonde en dat julle leef vir God in eenheid met ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een. Rom. 6:11.

Deur die gunsvoorsiening in Yeshua is ons met Vader-God versoen. Dit is egter jou en my verantwoordelikheid om voortaan as geregverdigde, naamlik as 'n vrygespreekte van sonde, te leef. Ons wil tog immers nie weer aangekla en skuldig staan nie, en tog sekerlik ook nie die verhouding met ons Vader versteur nie. Ons wil ook nie meer 'n slaaf van die sonde wees nie, maar 'n dienskneg van die Allerhoogste. Ons wil ons liggaam aan YHVH beskikbaar stel as 'n lewende, heilige en welgevallige offer (Rom. 12:1).

As gehoorsame kind in die huis van ons Vader moet ons onsself ten volle aan Sy gesag, naamlik Sy 'huisreëls' van die nuwe verbond, onderwerp. Ons moet na Sy onderrig en instruksies soos dit in Yeshua vervul is luister en daarvolgens lewe, want ons weet dit is Wysheid en dit is alles vir ons eie welsyn en omdat Hy ons liefhet. 'n Gehoorsame kind deel tog immers in al die seëninge van die huis waarin hy bly al maak hy soms foute weens swakhede en onkunde.

MAAR wat gebeur egter indien jy en ek `n bepaalde sonde of sondes bly vertroetel? Anders gestel: Wat gebeur indien ons sekere dele van YHVH se onderrig en instruksies opsetlik

[2] Gerrie Coetzee verduidelik dit soos volg: Dit sluit die konsep "justly" in, naamlik regverdig en sonder partyskap of voorbedagte oordeel. (Vlgs Aramese woordeboeke). Dit is so 'n groot konsep dat al die fassette nie in 'n vertaling moontlik is nie, maar tog moet die volledigste en naaste moontlikheid weergegee word. Dit is onpartydig, naamlik sonder vooroordeel of vooraf oordeel en sonder inagneming van die persoon en dit is opregtheid wat die regverdigheid en ander regsterme insluit.

verontagsaam of ontken dat dit op ons van toepassing is? Ek verwys nie na die feit dat hoewel ons weet wat reg is, maar dikwels weens ons swakhede die verkeerde doen nie. Nee, ek praat van dit wat ons weet wat reg is en dan weier om dit te doen. Kan ons dan steeds aanvaar dat ons die geregtigheid van YHVH in Yeshua Messias is? Is YHVH se genade so groot dat Hy ons sal 'oorsien' en ons steeds as geregverdig sal beskou?

Alvorens hierdie vraag beantwoord kan word, moet ons weet wat sonde is, want soos reeds genoem, wil ons nie weer na wedergeboorte sondig nie! Die Apostel Johannes gee die antwoord, naamlik:

*maar elkeen wat sondig, breek die wet. Eintlik is sonde om sonder die wet te wees.*1 Joh. 3:4.

Sonde is dus ongehoorsaamheid aan YHVH se Torah (onderrig) van die nuwe verbond!

Daar is verskeie Skrifverwysings wat ons waarsku dat sou ons voortgaan met die werke van die vlees, naamlik die oortreding van Torah, sal ons nie die koninkryk van YHVH beërwe nie (Gal. 5:19 tot 21; Kol. 3:5 tot 9; 1 Kor. 3:3). Geregtigheid (onpartydige opregtheid) is dus meer as net vertroue in die vergifnis van sonde deur die kruisdood van Yeshua. Dit vereis ook 'n handeling van ons kant af. Dit vereis om YHVH se geregtigheid te ken en Sy geregtigheid te doen!

Die Torah van Yeshua, naamlik die Torah van Moses wat Yeshua na Sy folterdood en opstanding, volbring (vervul) het, is YHVH se onderrig in geregtigheid wat volg op redding deur vertroue in Yeshua as Messias tot versoening met YHVH.

Opsommend: Genade en geregtigheid onder die ou verbond was vertroue in YHVH met die verwagting (verlange) van die Messias wat sou kom, en wat gepaard gegaan het met gehoorsaamheid aan die Torah van Moses. Terwyl genade en geregtigheid onder die nuwe verbond is vertroue in Yeshua as die sondoffer tot versoening met YHVH en gehoorsaamheid aan die Torah van Yeshua (die Melgisédek Torah) – die Torah van Moses soos dit deur Yeshua vervul is.

Luister wat skryf Paulus in Rom. 6:16 (OAV):

Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, ***òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid****?*

Ons moet onsself as 'n dienskneg ('n onderdaan) tot beskikking van YHVH stel deur gehoorsaamheid tot geregtigheid. Die geregtigheid van YHVH vereis dus vertroue in Yeshua en gehoorsaamheid aan YHVH se Torah in Yeshua**!** Alleenlik dan kan ons seker wees dat ons die geregtigheid van YHVH in Yeshua Messias is. Daarom het Yeshua gesê:

want Ek sê vir julle dat, as julle onpartydige opregtheid nie baie meer is as dié van die leraars van die wet en die Fariseërs nie, julle sekerlik nie in die Koninkryk van die hemel sal ingaan nie! Matt. 5:20.

Ons onpartydige opregtheid is baie meer as die van die Fariseërs (Rabbynse Judaïsme) omrede ons glo in Yeshua as die Messias, terwyl hulle Hom verwerp. Daarom sal die volgelinge van Rabbynse Judaïsme nie die Koninkryk van die hemel ingaan nie!

Maar terug by die aanvanklike vraag: Wat gebeur indien jy en ek `n bepaalde sonde of sondes bly vertroetel, met ander woorde moetswillig sondig? Is ons dan nog steeds die geregtigheid

van YHVH in Yeshua Messias? Is YHVH se genade so groot dat Hy ons sal 'oorsien' en ons steeds as geregverdig sal beskou?

Indien ons dus aan sonde gehoorsaam is deur daarin te volhard, is ons die slaaf van die sonde en stel ons onsself tot beskikking as werktuig van ongeregtigheid (Rom. 6:13). Dan sal ons die loon van die sonde ontvang, naamlik die dood (Rom. 6:23). Daarom: Deur moedswillig te volhard in sonde – die oortreding van YHVH se Torah – verbeur ons die genade (die guns) in Yeshua en word ons dienaars van ongeregtigheid!

26 *want as iemand opsetlik sondig nadat hy die kennis van die waarheid ontvang het, is daar nie 'n offer wat agterna geoffer kan word vir sondes nie,* **27** *maar die verskriklike oordeel van die verterende vuur, wat die teëstanders sal verteer.* **28** *As iemand teen die wet van Moshe oortree het, sterf hy op die getuienis van twee of drie sonder oorsien.* **29** *Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy ontvang wat die Seun van God vertrap het en die bloed van Sy verbond gewoon geag het, wat daardeur afgesonder is en die Gees van onverdiende guns verag het?* **30** *Ons ken Hom wat gesê het: "My kom die wraak toe, Ek sal terugbetaal," sê* יהוה*; en weer: "*יהוה *sal Sy volk oordeel."* **31** *Dit is verskriklik erg om in die hande van die lewende God te val.* Heb. 10:26 tot 31.

Omrede ek in Yeshua vrygemaak is van sonde, word ek diensbaar aan die geregtigheid van YHVH (Rom. 6:18). Daarom stel ek my diensbaar aan die geregtigheid tot afsondering **(**heiligmaking).

17*Dank God dat julle slawe van die sonde was en vanuit julle verstand, wil en emosie gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle gebring is* **18** *en toe julle vrygemaak is van die sonde, het julle slawe geword van die onpartydige opregtheid*. Rom. 6:17 en 18.

Omrede ons die geregtigheid van YHVH in Yeshua is, moet ons lewe as gelowiges wat dood is vir die sonde (Rom. 6:11). Ons moenie toelaat dat die sonde (ongehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies) oor ons heers nie. Nee, sonde sal nie oor ons heers nie, want ons is nie onder die geskrewe wet nie, maar onder die genade (Rom. 6:14). Die wet van die Gees van die lewe in Yeshua Messias, naamlik die Torah van Yeshua, het ons vrygemaak van die geskrewe wet van die sonde en die dood, naamlik die Torah van Moses (Rom. 8:2). Ons staan dus onskuldig teenoor die Torah van Moses weens die genade in Yeshua, maar dit gee ons nie 'n vrypas om te sondig – ongehoorsaam te wees – nie.

Wat dan? Sal ons sonde doen omdat ons nie onder die geskrewe wet is nie, maar onder die onverdiende guns? 'n Verwerplike gedagte! Rom. 6:15.

Slotsom: Ongehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies is ongeregtigheid!! YHVH se geregtigheid vereis gehoorsaamheid en afsondering (heiligmaking) wat die resultaat (uitvloeisel, gevolg) is van geloof tot redding in Yeshua Messias. Deur genade (guns) word ons gered en nie uit die werke van die wet nie. Ons redding is dus alleenlik deur YHVH se genadeversoening in Yeshua. Dit is onverdiende guns en al wat van ons verwag word is om te glo en 'n wilsbesluit te neem om ons te bekeer van die oortreding van YHVH se Torah soos dit in Yeshua volbring is.

Die Pilare Van YHVH Se Geregtigheid

Die basis, of pilare, waarop YHVH se geregtigheid gebou word is die Tien Gebooie. Hierdie tien beginsels is die opsomming van wat YHVH verwag van die verhouding tussen Homself en die mens, en van die verhouding tussen mense onder mekaar. Hierdie tien beginsels omvat

YHVH se geregtigheid. Die Tien Gebooie en die res van YHVH se onderrig en instruksies soos dit in Yeshua volbring is, is YHVH se geregtigheid van die nuwe verbond. Om dit te onderhou is gehoorsaamheid tot geregtigheid en heiligmaking!!

Deur vertroue in Yeshua Messias word ek gered. Deur gehoorsaamheid tot geregtigheid, naamlik deur geregtigheid te doen, word ek verander om gelykvormig aan Yeshua, die Lewende Torah, te word.

Hierin word die kinders van God van die kinders van die teëstander onderskei: elkeen wat nie voortdurend onpartydig opreg is of sy broer voortdurend liefhet nie, is nie van God nie.
1Joh. 3:10.

Bepeins of Bespreek

1. Noag het gekies om ten spyte van ‘n verdorwe samelewing (Gen. 6:11 en 12) in YHVH te vertrou en gehoorsaam te wees. Onthou: Die mens se wil is soewerein!! Die vraag is: Kan YHVH die mens se wil verander of kan God slegs die mens se wil beïnvloed deur omstandighede te skep wat die mens kan ‘dwing’ om die regte keuses te maak? In Noag se tyd, en in al die eeue tot die hede, kon elke mens kies om in vertroue saam met YHVH te wandel en om ook, soos Noag, regverdig en opreg verklaar te word.

2. Een van die grootste misleidings is die oprigting van eie onpartydige opregtheid (geregtigheid). Bespreek of bepeins dit in die lig van Rom. 10:1 tot 13. Ken Rabbynse Judaïsme die geregtigheid van YHVH?

3. Die feit dat slegs Noag en sy gesin van YHVH se oordeel gespaar is, is ‘n heenwysing na die woorde van Yeshua in Matt. 7:14 – *Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind*. Hoekom het Yeshua gesê daar sal min wees wat die pad wat na die lewe lei sal vind? Is die antwoord in verse 21 tot 23, veral vers 23?

4. Dit is baie moeilik om ten volle te verstaan hoe dit in die begin voor die sondeval was en toe daarna! Die volgende verduideliking van Zalmy Labkowsky is egter die moeite werd om te bepeins of te bespreek:

   Before there was sin, the universe was at peace. Nature and its Creator were completely in sync and the unity of God was manifest in all of creation. The only consciousness that existed was the consciousness of God, and one couldn't help but view every aspect of the world as a component of that reality. The only self-awareness that existed before sin was the awareness that one was an expression of the Divine. There was no possibility of viewing oneself as an independent, self-sufficient entity when Godliness was so revealed. One unifying consciousness fused all of creation together.

   Then came sin. The effects were quick in coming and shattered the clarity that had existed previously. Confusion and friction became the dominant realities. In place of the two innocent souls blissfully unaware of their own nakedness, two people stood with a newly acquired self-awareness that focused them in on their own existence and made them shrink away in shame. The harmony was gone. The unity was gone. The transcendence was gone. What was left was a multitude of independent creatures lacking the guiding and uniting force they once took for granted.

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Rabbynse Judaïsme: Het Jy Geweet?

Inleiding

Hierdie is die eerste in ‘n reeks oor Rabbynse Judaïsme. Die doel hiermee is om die onkunde oor Rabbynse Judaïsme wat by Christene, sowel as by gelowiges wat deel is van die Messiaanse Beweging bestaan, aan te spreek. Die bedoeling is slegs om feitelike inligting bekend te maak sodat elkeen ‘n ingeligde besluit kan neem of Rabbynse Judaïsme ‘n gevaar vir gelowiges wat Yeshua as Messias bely en navolg, inhou of nie!

In Deel 1 word die agtergrond tot hierdie reeks verduidelik en ek vertrou dat elkeen dit in hierdie lig sal sien!

Deel 1: Yeshua en die Fariseërs

Gelowiges van die nuwe verbond is bekend met die feit dat Yeshua die Fariseërs aangekla en veroordeel het. Yeshua se uitlatings was kras en Hy het nie die gevoelens van die Fariseërs gespaar nie soos blyk uit ondermeer die volgende woorde van ons Messias Yeshua!

Kinders van adders, hoe is dit moontlik dat julle voordelige dinge kan praat terwyl julle waardeloos is? Want uit die volheid van die verstand, wil en emosie praat die mond. Matt. 12:34.

Maar wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie. Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle eet die huise van die weduwees op, en doen vir die skyn lang gebede. Daarom sal julle ‘n swaarder oordeel ontvang. Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle trek rond oor see en land om een bekeerling te maak; en as hy dit geword het, maak julle hom ‘n kind van die hel, twee maal erger as julle self. Matt. 23:13 tot 15.

Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat. Matt.23:23.

Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binnekant is dit vol roof en onmatigheid. Matt. 23:25.

Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle is net soos gewitte grafte wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbene en allerhande onreinheid is. Matt. 23:27.

Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle bou die grafte van die profete en versier die grafstene van die regverdiges; Matt. 23:29.

Slange, kinders van adders, hoe sal julle ontsnap van die oordeel van die hel? Matt. 23:33.

Yeshua sê vir hulle (die Fariseërs): “As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het van God af uitgegaan, want Ek het ook nie uit My eie plesier gekom nie, maar Hy het My gestuur. Waarom verstaan julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle nie My boodskap kan hoor nie. Julle is van julle vader, die teëstander, en julle begeer om julle vader se wil te doen. Hy is ’n moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie omdat daar geen

waarheid in hom is nie. Wanneer hy lieg, praat hy uit wat syne is, want hy is vanuit valsheid en die vader daarvan, maar julle vertrou nie in My nie, Ek, wat die waarheid praat. Wie van julle kan My oortuig van sonde? As Ek die waarheid praat, waarom vertrou julle My nie? Wie ook al van God is, luister na die woorde van God; daarom luister julle nie omdat julle nie van God is nie." Joh. 8:42 tot 47.

Dan weet ons ook dat Yeshua Sy volgelinge gewaarsku het teen die leerstellings van die Fariseërs:

Daarop sê Yeshua vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs. Matt. 16:6.

*Hoe is dit dat julle nie begryp dat Ek nie in verband met brood vir julle gesê het om op te pas vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs nie? Toe het hulle begryp dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van die brood nie, **maar vir die leer van die Fariseërs en Sadduseërs***. Matt. 16:11 en 12.

Nou kan ons wel vra: Wat het hierdie woorde van Yeshua vandag met ons te make? Het die Fariseërs dan nie reeds eeue gelede opgehou om te bestaan nie? Dit is juis sulke vrae wat getuig van die onkunde van die meerderheid Christene en selfs die meerderheid in die Messiaanse Beweging!

Hedendaagse Rabbynse Judaïsme is die voortsetting van Fariseïsme wat in die tyd van Yeshua en die Apostels bestaan het! In die Universal Jewish Encyclopaedia (1943) lees ons die volgende:

> *The Jewish religion as it is today traces its descent, without a break, through all the centuries, from the Pharisees. Their leading ideas and methods found expression in a literature of enormous extent, of which a very great deal is still in existence. The Talmud is the largest and most important single piece of that literature … and the study of it is essential for any real understanding of Pharisaism.*

Die Jewish Encyclopaedia van 1905 stel dit soos volg:

> *With the destruction of the Temple (70 A.D.) the Sadducees disappeared altogether, leaving the regulation of all Jewish affairs in the hands of the Pharisees. Henceforth, Jewish life was regulated by the Pharisees; the whole history of Judaism was reconstructed from the Pharisaic point of view, and a new aspect was given to the Sanhedrin of the past. A new chain of tradition supplanted the older priestly tradition (Abot 1:1). Pharisaism shaped the character of Judaism and the life and thought of the Jew for all the future.*

Op die webblad van Judaism 101 (http://www.jewfaq.org/search.shtml?Keywords=Pharisees) word die volgende inligting ten opsigte van die Fariseërs gegee:

> *A movement of Judaism that began approximately 2200 years ago. It is the forerunner of rabbinic Judaism, which encompasses all of the movements of Judaism in existence today.*

Thayer's Greek Definitions gee vir ons ondermeer die volgende inligting aangaande die Fariseërs:

> *A sect that seems to have started after the Jewish exile. In addition to Old Testament books the Pharisees recognised in oral tradition a standard of belief and life. They sought for distinction and praise by outward observance of external rites and by outward forms of piety, and such as ceremonial washings, fastings, prayers, and alms giving; and, comparatively negligent of genuine piety, they prided themselves on their fancied good works. According to Josephus they numbered more than 6000. They were bitter enemies of Jesus and his cause; and were in turn severely rebuked by him for their avarice, ambition, hollow reliance on outward works, and affection of piety in order to gain popularity.*

Bogenoemde bronne bevestig dus dat hedendaagse Rabbynse Judaïsme die voortsetting is van Fariseïsme van die Skrifte van die nuwe verbond. Die Fariseërs het Yeshua verwerp as die Messias en Rabbynse Judaïsme verwerp steeds Yeshua as die Messias. Hierdie is die grootste en belangrikste aanklag teen Rabbynse Judaïsme!

In die lig van bogenoemde moet ons die vraag vra: Wat sal Yeshua vandag van Rabbynse Judaïsme sê? Wat het verander sedert die dae van die Fariseërs? Het Rabbynse Judaïsme se siening oor Yeshua en die volgelinge van Yeshua verander sedert die dae van Yeshua, en sedert die dae van die Apostels en die gemeente van Handelinge?

In volume 1 van 2, getitel "The Pharisees", skryf die befaamde Rabbi Louis Finklestein die volgende:

> *Pharisaism became Talmudism. Talmudism became Medieval Rabbinism, and Medieval Rabbinism be came Modern Rabbinism. But throughout these changes of name, inevitable adaptation of custom, and adjustment of Law, the spirit of the ancient Pharisee survives unaltered. When the Jew reads his prayers, he is reciting formulae prepared by pre-Maccabean scholars; when he dons the cloak prescribed for the Day of Atonement and Passover Eve, he is wearing the festival garment of ancient Jerusalem; when he studies the Talmud, he is actually repeating the arguments used in the Palestinian academies.*

Volgens Rabbi Finkelstein het die gees van Fariseïsme deur die eeue onveranderd gebly! Maar wat was hierdie gees wat sedert die dae van Yeshua geheers het en vandag steeds in Rabbynse Judaïsme heers? Die antwoord word vir ons deur die Apostel Johannes gegee:

Hieraan word die Gees van God geken: elke gees wat erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het, is vanuit God en elke gees wat nie erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het nie, is nie vanuit God nie, maar dit is die gees van die vals gesalfde, waarvan julle gehoor het dat hy kom en van nou af in die wêreld is. 1 Joh. 4:2 en 3

want baie misleiers het uitgegaan in die wêreld in: die een wat nie bely dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het nie; hy is 'n misleier en teëstander teen Die Gesalfde Een. 2 Joh. 1:7.

Die gees van Rabbynse Judaïsme is nie vanuit God nie, maar dit is die gees van die vals gesalfde, die misleier en die teëstander van Yeshua Die Gesalfde Een!!

Die vraag is dus: Moet ons die feit dat Yeshua die Fariseërs aangekla en veroordeel het, en ook gewaarsku het teen die leerstellings van die Fariseërs, ter harte neem en dit ook op Rabbynse Judaïsme van toepassing maak? Die antwoord is 'n besliste "Ja"!!

Beteken dit dat die Jode, en Torah-gehoorsame Jode wat Yeshua verwerp, gehaat word? **Nee**, want Yeshua het nie die Fariseërs gehaat nie, maar het hulle leerstellings en die gees wat in hulle harte geheers het veroordeel en met die outoriteit wat aan Hom gegee was teëgestaan!

Indien ons dan Yeshua se woorde ter harte neem, is die vraag: Behoort ons ook dan nie Rabbynse Judaïsme te veroordeel en te waarsku teen die gevare van die misleiding wat daarin verskuil is nie? Moet ons nie veral Yeshua se waarskuwing teen die suurdeeg van die Fariseërs (Rabbynse judaïsme) ter harte neem nie?

Vra jouself: Is Rabbynse Judaïsme ‘n vriend of vyand van YHVH-God? Besluit self! Maar onthou Yeshua se woorde:

Maar Ek sê vir julle wat luister, julle moet jul vyande liefhê en goed doen aan dié wat julle haat. Seën dié wat julle vervloek en bid oor die wat julle met geweld wegvat. Luk. 6:27 en 28

Maar wees gewaarsku! Om in hierdie saak ook in die voetspore van Yeshua te volg, sal elkeen blootstel aan vervolging deur veral die Messiaanse Beweging. Persoonlik kan ek daarvan getuig, want ek is al telkens beskuldig van antisemitisme, lastering teen die huis van Juda en as iemand wat YHVH se Torah verag!

My antwoord op dit alles? Hierdie aanval is nie teen my gerig nie, maar wel teen Yeshua Die Gesalfde Een!

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom in Yeshua Messias.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-o-